■ Laurika maak nuwe plaat

Die kind van die wind is terug

NÁ 'n stilte van vyf jaar het LAURIKA RAUCH verlede week weer 'n plaat die lig laat sien. Dit was vyf jaar waarin sy gegroei en haar stem ontwikkel het, vertel sy. En nadat sy 'n dekade gelede op die voorpunt van die eerste nuwe klanke in Afrikaanse musiek was, bevind sy haar weer in die geledere van die tweede golf Afrikaanse "liedjiepioniers" wat opnuut vars note laat opklink.

JOHANNESBURG. – Sy het altyd vir haar vriende op universiteit gesê: "Julle sal sien, ek gaan dit nog máák," al het sy nie mooi geweet waar dit sou eindig nie.

Maar Laurika Rauch het die Kaap vir Johannesburg verruil omdat die "goud haar gelok" het, en goud het sy gevind – 'n goue loopbaan en 'n goue plaat. En nou weet sy presies wat sy gemáák het. Al het dit soms amper doller as kop-af gegaan.

Die skielike, oombliklike sukses destyds van *Kinders van die Wind* was iets waarop sy nie voorbereid of bedag was nie, en vandag dank sy haar sterre dat sy nie meer 'n uilskuiken was nie – darem al in haar laat twintigerjare – toe die kollig wat met sukses saamgaan, op haar beland het.

BESTE WERK

Ná haar treffer-debuutplaat het talle televisie- en verhoogoptredes en nog plate gevolg.

En verlede week het Laurika, ná 'n effense windstilte die afgelope vyf jaar, 'n plaat uitgereik wat deur haar beskryf word as die beste werk wat sy nog gelewer het.

"*Encore! Laurika* verteenwoordig vir my groei. My stem is baie beter as vyf jaar gelede toe my laaste plaat gemaak is. Dit is nie toevallig nie. Ek het hard daaraan gewerk en ook sanglesse geneem."

DRYFKRAG

Sy het ook 'n ander musiek-aanslag. "Die musiek self toon ook groei. Ek dink nie die publiek wil dieselfde klank hê nie. Hierdie is vandag se klank, met 'n varsheid in die verwerking van die musiek."

Haar man, Chris ('n hoogleraar in die ekonomie aan Wits), was die dryfkrag agter haar nuwe plaat. " 'n Mens is so afhanklik van 'n ateljee se goeie guns om 'n kontrak te kry om 'n plaat te maak." Toe sê Chris net hulle gaan 'n plaat maak en ses maande later het *Encore! Laurika* uit die klein, private stal van die maatskappy wat hulle gestig het, die lig gesien.

Dit is heerlik, dié deelname van haar man, wat self ook musiekbydraes tot die plaat gelewer het, vertel sy.

TEATER

Haar sangloopbaan het eintlik begin by Stephan Bouwer se televisie-aanbieding *Fyn Net van die Woord*, vertel sy. Toe *Kinders van die Wind* skielik 'n treffer word, was sy nog heeltemal onkundig oor die implikasies van 'n loopbaan as platekunstenaar.

"Maar dinge het van die begin af goed vir my uitgewerk. Ek was oud genoeg toe dit gebeur het. Nie vóór ek geweet het wie ek is en wat ek probeer wees nie ... Ek is soms in die stilligheid jammer vir jong kunstenaars. Daar is nog so baie leef wat geleef moet word ..."

PRIORITEITE

Dit is lekker om weer haar naam op 'n plate-omslag te sien, maar Laurika is eintlik in haar element as sy musiek en die teater kan kombineer – sy het immers drama gestudeer. Iets soos die Brelvertonings, die kabaret *Met Permissie gesê* en *Van Berlyn tot Bapsfontein* pas so reg in haar kraam.

Openbare besit? Nee wat, dit hinder haar geensins as mense haar op straat herken nie. "Dit is lekker. My beroep het my toegang gegee tot 'n wye verskeidenheid van mense. Mense kom soms na my toe in die openbaar, en sê 'n lied van my herinner hulle hieraan of daaraan. Dit is vir my 'n verrykende ervaring."

Dié werkende ma het ook lankal haar prioriteite in haar lewe in die regte volgorde ingespan: "My man, my kinders en my loopbaan. In daardie volgorde. Hulle het nie my loopbaan gekies nie, dus moet ek vriendelik op die verhoog én by die huis wees."

Sy kan bitter ongelukkig raak as haar tydsindeling afstuur op 'n "prioriteitsfout" en haar man of twee kinders daardeur te na gekom word. " 'n Mens wil so graag *Superwoman* wees, maar jy maak jouself net ongelukkig."

EMOSIONELE WAARDE

Is sy bly as haar plate geld maak? "Die materiële is belangrik, dis daar om te geniet. Ek is esteties ingestel. 'n Stoel of 'n ding moet vir my inpas, hy moet funksioneel esteties wees. Hy hoef nie die "regte" status of ontwerpersetiket te hê nie. Ek sal 'n sonsambreel kies omdat sy strepe by my huis pas, nie om 'n ander rede nie.

"Dit is my lewensideaal om harmonie om my te skep."

Wat sy in die toekoms wil bereik? "Emosionele waarde." Sy wil alles doen so goed as wat sy kan, en elke keer moet dit beter as die vorige keer wees – "ek moet verbeter". Maar alles maak net sin as die mense om haar gelukkig is.

Elsa Kröger

LAURIKA RAUCH het verlede week, ná vyf jaar, 'n plaat uitgereik wat deur haar beskryf word as die beste werk wat sy nog gelewer het. "*Encore! Laurika* verteenwoordig vir my groei. My stem is baie beter as vyf jaar gelede. Ek het hard daaraan gewerk en ook sanglesse geneem."